



Die verhouding tussen Psalm 1 (en 2) en die ander psalms oor vyande

J.L. Helberg
Skool vir Bybelwetenskappe en Bybeltale
Potchefstroomkampus
POTCHEFSTROOM
E-pos: jaapjhl@absamail.co.za

Abstract

The relation between Psalm 1 (and 2) and the other psalms regarding enemies

In conjunction with a previous article "Integrity of the psalms according to the relation between Psalm 1 (and 2) and the rest of the psalms", this article especially examines the Tora of the Lord. The Tora is not merely the object of human reflection, but especially the living subject by which life and victory have the last word. One does not only have to do with a momentary life experience, but with a path of life. The relation between Psalm 1 (and 2) and the other psalms regarding enemies/enmity, lies in the summons of Psalm 1 (and 2) to trust in the Tora as life creating Law/Word on the true path of life.

Opsomming

Die verhouding tussen Psalm 1 (en 2) en die ander psalms oor vyande

In aansluiting by 'n vorige artikel "Geïntegreerdheid van die psalms volgens die verband tussen Psalm 1 (en 2) en die res van die psalms", gaan hierdie artikel veral in op die betekenis van die Tora van die Here. Die Tora is nie bloot die voorwerp van menslike oordenking nie, maar is veral die lewewekkende subjek wat lewe en oorwinning die laaste woord laat hê. 'n Mens het nie net met 'n oombliksbelewenis te doen nie, maar met 'n lewenspad. Die verhouding tussen Psalm 1 (en 2) en die ander psalms oor vyande/vyandskap lê in Psalm 1 (en 2) se oproep tot vertroue in die Tora as lewewekkende Wet/Woord op die ware lewenspad.

1. Psalm 1 en 2: hulle verhouding, hulle plek in die bundel, en die probleem daaraan verbonde

Hierdie artikel gaan nie in op die vraag wie die vyande was nie, ook nie op wat hulle aard is nie. Hierdie saak is in 'n vorige artikel (Helberg, 2005:673-694) aangesny. Vir meer besonderhede vergelyk Keating (1982) en Hobbs en Jackson (1991). Hierdie artikel is toegespits op die *Tora* en veral die lewewekkende aard daarvan.

As Psalm 1 bloot op sy gesigswaarde geneem word, kom die vraag op of hierdie psalm nie meer belof as wat dit in werklikheid gee nie. Dit sê dat as mens volgens die *Tora* van die Here, dit wil sê sy Wet/Woord/wil, leef, jy op die pad van voorspoed is, anders is jy op 'n pad van ondergang. Die lewenswerklikheid en 'n groot aantal psalms wys dat dit tog nie so eenvoudig is nie, maar dikwels heeltemal anders lyk. Die verband tussen Psalm 1 en 2, soos hier bespreek sal word, temper wel die spanning met daardie ander psalms, maar los die spanning tog nie op nie. Die belofte in Psalm 1 behels nie alleen blydschap nie, maar voorspoed, in heel konkrete, stoflike kleure, geskilder.

Psalm 1 met sy positiewe inhoud oor hoe goed dit met die regverdige gaan, skep dieselfde probleem as die lofprysings aan die einde van elke bundel van die psalms (Ps. 1-41, 42-72, 73-89, 90-106, 107-150). Soos Psalm 1 in spanning verkeer met die negatiewe situasie vir die gelowige wat in baie van die volgende psalms geteken word, so verkeer genoemde lofprysings in spanning met die negatiewe wat in die bundels voorafgaan.

Daar is 'n ingeboude of interne spanning in die hele psalmbundel. Die bundel se inhoud word gekenmerk deur “ondanks” en “nieteenstaande”. Dit geld trouens vir die hele Ou Testament. Die Ou-Testamentiese gelowige leef enersyds baie sterk uit die belofte van 'n positiewe lewenskwaliteit en andersyds uit 'n sterk sin vir die werklikheid – 'n werklikheid wat soms baie anders as die belofte lyk (vgl. M'Caw & Motyer, 1970:451). Belofte en werklikheid staan in 'n soort paradoksale verhouding tot mekaar. Hierdie spanning verg vertrou van die gelowige.

Die spanning tussen Psalm 1 en die ander psalms is egter nog groter as om net gewone vertrou te verg. Psalm 1 word wel deur baie Ou-Testamentici beskou as die inleiding tot die psalms (vgl. Helberg, 2005) en dui dus die aanloop en/of kern van die psalms aan. Tog word in hierdie psalm niks gesê van die stryd en lyding wat

so baie psalms kenmerk en wat 'n belangrike deel van die tema van die psalms uitmaak nie (Brueggemann, 1991:72, 78-80).

Lombaard (1999:510-511) oordeel tereg dat die oorvereenvoudigde keuse wat Psalm 1 voorhou, nie toegeskryf kan word aan ongesofistikeerde denke nie. Hy sien die sleutel tot die verstaan van die stelling wat Psalm 1 maak, in die aanvaarding van 'n didaktiese strategie: daar word 'n duidelike en daadwerklike keuse geïmpliseer, maar een sonder enige dwang. Ook hierdie benadering los egter nie ons bepaalde probleem op nie, want dit verklaar nie waarom worsteling met onreg en lyding in Psalm 1 ontbreek nie. Vyandskap, en daarom ook lyding en onreg, word wel geïmpliseer deur die verwysing na "goddeloses, sondaars en spotters", maar daar word sommer vinnig daarvoor heen gegaan asof dit nie eintlik 'n probleem is nie. Tog is dit 'n ernstige en deurlopende probleem vir die psalmdigters.

Die eintlike angel in vyandskap is vir die psalmdigters dat dit 'n mens van God wil vervreem (Ps. 42:4; vgl. Helberg, 2005:684-689). Hierdie artikel wil aantoon dat Psalm 1 'n belangrike veronderstelling of aanname maak, een wat veral treffend is as aanvaar kan word dat Psalm 1 in die ballingskapse of na-ballingskapse tyd sy plek vooraan die psalms gekry het. Die ballingskap was as 't ware die tyd van die dood van Israel, soos in Esegïel 37 geteken. Albertz (2001:329-330) praat van deurbreking van die imperiale teologie, veral deur die Esegïelskool. Psalm 1 veronderstel dat hierdie vervreemding van God vir die regverdige te bowe gekom is. Daarom is daar voorspoed en vrede (vergelyk bv. Ps. 23). Om met God versoen te wees, beteken om 'n volheidslewe te hê (vgl. hoe Ps. 23 op Ps. 22 volg).

Psalm 2 handel oor die stryd van en vir die koninkryk van God en oor die seëvierende mag van God vir die goeie. Psalm 1 gaan selfs in die geskiedenis van die openbaring van God aan Israel terug tot by die situasie van seën en voorspoed in die tuin van Eden (vgl. vir hierdie skakeling onder andere die boom in albei Skrifgedeeltes). Hierdie situasie was voor die breuk tussen die mens en die natuur, toe die mens die keuse moes doen vir God en sy wil. Hierdie keuse was uitgedruk in God se verbod of gebod, met ander woorde in sy Wet of Woord (vir die betekenis van *Tora* in Ps. 1: as Wet, maar tegelykertyd ook met 'n breër betekenis, vgl. hier onder). In hierdie keuse moes die mens hom afkeer van enigiets of enigiemand wat teen God se wil ingaan. Die mens het egter laasgenoemde weg gekies, en dit het uitgeloop op vervreemding tussen die mens en die natuur (Gen. 3).

Psalm 1 roep juis die leser/hoorder op tot 'n keuse vir die wil van God. Dit gaan dus in hierdie psalm om 'n nuwe lewe in die menslike bestaan wat tot in sy diepste wese aangetas is. Hierdie nuwe lewe eis vertroue. Hierdie artikel wil dus aandui dat Psalm 1 nie bloot 'n (idilliese) stelling is oor 'n bestaande werklikheid nie, maar 'n oproep tot vertroue in die Here binne die menslike bestaan vol lyding en onreg. Hierdie oproep raak veral vertroue in die Woord, nie bloot as 'n bron van kennis oor wat God vereis nie, maar as lewewekkende Woord van die Here op die ware lewenspad.

2. Psalm 1 is 'n oproep tot vertroue

Psalm 1 se verhouding met Psalm 2 gee sekere lig op die spanning tussen Psalm 1 en die res van die psalmbundel. Hierdie twee psalms vorm in 'n sekere sin 'n eenheid. Daar word in Psalm 2 oor stryd gepraat (oor die *eenheid*, vgl. Helberg, 2005:674-676; Miller, 1986:87).

Miller (1986:84) sê dat Psalm 1:6 'n eenvoudige en opregte (*straightforward*) stelling is deur dié mense wat geweet het dat die lewe nie altyd volmaak en vol ryk belonings is vir die wat probeer om aan God se weë gehoorsaam te wees nie. Verder meen Miller dat daar nie met sekerheid gesê kan word waarom en hoe so 'n bewering sonder enige nadere kwalifikasie gemaak kon word nie. Ons kan egter ten minste ernstige aandag daaraan gee as ons dit binne die konteks van die hele Skrif sien, aldus Miller.

Psalm 1 is 'n wysheidspalm. Wysheidsliteratuur formuleer sake dikwels op 'n oorvereenvoudigde stelwyse, om daarmee een sentrale waarheid sterk tuis te bring. Om in aansluiting by die wysheidsliteratuur 'n konsekwente vergeldingsleer aan Psalm 1 toe te skryf, bring 'n mens egter nie nader aan die oplossing van ons probleem nie. Dit is juis onverstaanbaar hoe hierdie psalm 'n inleiding kon vorm vir die bundel waarin die psalmdigters die werklikheid juis dikwels anders ervaar.

Psalm 1 skep 'n probleem wanneer dit saam met die ander psalms gesien word. Wat het Psalm 1 te sê vir die regverdige wat vyandskap, teenspoed en lyding verduur terwyl die vyande, die goddeloses, hom veronreg, spot en sy eer aantast en dit juis met hulle goed gaan? (Vir eer en skande in die psalms, vgl. Coetzee, 1999:402; Holladay, 1993:12.)

Die regverdige word in Psalm 1 wel geteken binne hierdie wêreld waarin daar ook goddeloses, sondaars en spotters is (v. 1), maar hy

hoef net af te sien van hulle pad en dan is sy eie pad een van voorspoed (v. 3). Die ander psalmdigters beleef die werklikheid egter oor die algemeen heeltemal anders en worstel dikwels met die probleem dat die regverdige die spit moet afbyt, terwyl die goddeloses seëvier. Sommige ander psalms, soos Psalm 23, teken ook 'n prentjie van rus en vrede vir die gelowige, maar daar word ook verwys na donker dieptes waardeur die digter moet gaan. In Psalm 1 ontbreek so 'n verwysing heeltemal en die indruk kan gewek word dat alles vir die regverdige net rooskleurig is.

Behalwe dat so 'n rooskleurigheid nie in ooreenstemming met die werklikheid is nie, sou 'n mens seker kan verwag dat Psalm 1, as 'n inleiding tot die hele bundel, hierdie sentrale probleem in die psalms sal aanraak. Die probleem bly dat die harde werklikheid so anders is as die prentjie wat in Psalm 1 geskilder word en waarmee juis in die psalmbundel voortdurend geworstel word. Stryd met vyande kom besonder dikwels in die psalms voor. "The one praying and his or her enemies – that, in short, is the dominant theme of the Psalter" (Lohfink, 1988:36; vgl. ook Crenshaw, 2001:65).

In hierdie artikel word die antwoord van Psalm 1 in verdieping gesoek. Eenvoud én diepte kom in hierdie psalm tot gestalte in 'n innerlike spanning. 'n Mens moet rekening hou met 'n paradoksale werklikheid, maar dit gaan nog dieper: dit impliseer ook geankertheid, gegrondheid en vastigheid.

Om Psalm 1 reg te benader, is dit belangrik om te onthou dat Psalm 1 nie bloot 'n stelling is oor 'n werklikheid wat bestaan nie, maar 'n oproep tot vertrou. Vertroue veronderstel dat daar 'n probleem is wat die hoof gebied en te bowe gekom moet word. Die probleem hier is die teenspoed, vyandskap en onreg waaronder die regverdige ly, terwyl dit blykbaar met die goddeloses, die vyande, voorspoedig gaan. Die oproep tot vertrou is vertrou in die *Tora* van die Here wat aan die regverdige 'n onuitroeibare lewenskrag gee. Hierdie lewenskrag sal in die volgende afdeling verder beredeneer word.

Vertroue veronderstel, volgens die Ou Testament, vertrou in God en loop hand aan hand met 'n teosentriese benadering van die werklikheid. Psalm 1 se benadering is dat God die een en alles is en dat daar volle oorgawe moet wees aan Hom en sy wil, soos uitgedruk in sy Wet/Woord. Dit is vir die leser of hoorder sy vreugde en sy lewe. Verder is vertrou nie slegs 'n oomblikverskynsel of 'n alleenstaande entiteit nie, maar vertrou is gewortel in die mens se geskiedenis met God. Daarom veronderstel Psalm 1 ook

agtergrondskennis. Agtergrondskennis is nie alleen kennis van die res van die psalms nie, maar ook van Israel se verbondsgeskiedenis. Hierdie geskiedenis is gekenmerk deur stryd en uiteindelijke oorwinning oor die vyand, en dit trek saam in lof aan God (vergelyk bv. Ps. 92). Hierdie geskiedenis is ook veral gekenmerk deur God se wonderbaarlike, lewewekkende of herskeppende optrede. Hy bewerk 'n nuwe begin uit 'n verlore of doodsituasie. Hierdie verskillende aspekte sal hieronder nader bespreek word.

3. Die Wet/Woord is lewenskragtig

Crenshaw (2001:58) wys daarop dat Psalm 1 op 'n vreugdevolle noot begin, maar met 'n dreigement eindig. Soos in Deuteronomium, is dit 'n kwessie van lewe en dood, en alle enkelinge kies die een of die ander opsie (vgl. Amos 5:14).

Psalm 1 handel oor die Tora. Die Hebreeuse woord *twrh* kan met Wet sowel as Woord vertaal word, afhangende van die verband waarin dit voorkom. Die kern van die *twrh* is en bly die reg van God wat deur Moses bemiddel is (Mal. 3:22; Kraus, 1972:5). Al het die digter spesiaal die wetselent in die oog, is hierdie Wet onlosmaaklik vervleg met die heilige geskiedenis, wat ook deur die huisvader aan sy seuns onderrig moes word (Eks. 13:8, 14; Ridderbos, 1955:13). Die vertaling *Woord* (vgl. nuwe Afrikaanse vertaling) sluit in Psalm 1 die engere en wyere betekenis in.

Die *twrh* word in Psalm 1:2-3 gesien as 'n lewende Woord wat in 'n mens werkend is, soos saad wat ontkiem en vrug dra. As die gelowige die woord "dag en nag oordink", dit sodoende een laat word met sy lewe en sy lewe daardeur laat beheers, dan word die Woord soos 'n saad in hom en word hy soos 'n boom wat by waterstrome geplant is en wat op die regte tyd vrugte dra. Die gelowige is dan soos 'n boom wat by 'n lewensbron staan en waarvan die blare nie verdor nie, maar lewenskragtig bly selfs wanneer aanslae, soos droogtes, op sy bestaan toeslaan (v. 3); dan is dit met die mens anders gesteld as wat sy lot weens sy verganklikheid en sondigheid is (Jes. 40:6-8; Ps. 90:3). Die vloek wat op die skepping rus, wat 'n uiting is van die mens se vervreemding van God en wat vyandskap tussen die mens en die natuur bewerk, word deur die Woord oorwin, want die regverdige word gevoed uit die bron van die lewe (vgl. ook Ps. 36:10).

As lewende Woord skep die Woord ook 'n verhouding: dit laat 'n mens tot die kring van regverdiges en veral aan God behoort (v. 5).

Hierdie behorendheid hou in dat 'n mens deur God geken word en onder sy sorg geneem word (v. 6). Dan is 'n mens mét en déúr hierdie Woord in beweging, op pad – nie met 'n ondergangspad nie, maar met 'n pad wat by 'n bestemming uitkom (v. 6). In Psalm 1 is dit dus nie maar so dat die regverdige die handelende onderwerp is en die Woord die voorwerp is waarmee gehandel word nie. Daar vind 'n verskuiwing van die onderwerp na die voorwerp toe plaas. Deur die Woord te ken (dit voortdurend te oordink, v. 2), besef die regverdige dat hy 'n voorwerp van die Woord se werkende krag en van die Here se “ken” is – dit wil sê, dat hy op sy pad onder die Here se leiding en beskerming geneem word (v. 6; vgl. ook Ps. 40:8, 9).

Miller (1986:85) merk op dat die Here kennis neem van die pad wat die regverdiges loop en dat Hy hulle in ag neem. Die pad is nie vir God verborge nie en ook nie 'n onverskillige saak nie. Miller voeg, in navolging van Calvyn, nog die volgende by: daar mag dalk geen uiterlike voordeel wees aan 'n lewe wat gekenmerk is deur 'n regte gedrag (*conduct*) en aandag aan God se verordening nie, maar dit word deur God gemerk. Hy neem kennis van so 'n lewe en neem persone met so 'n lewenshouding in sy sorg.

Verder is dit belangrik om daarop te let dat dit in Psalm 1 om meer gaan as net gewone groei en ontkieming soos by 'n boom. Die regverdige is nie bloot soos 'n boom wat vanself opgekom het nie, maar hy is “geplant”. Miller (1986:83) stel dit so: die persoon wat die weg van geregtigheid volg, is soos 'n boom wat op 'n droë vlakte (*plain*) was en oorgeplant is aan die kant van die water. Hier is dus sprake van stabiliteit, duursaamheid, varsheid en produktiwiteit.

Die oproep tot vertrouwe geld hier vir vertrouwe in die Woord van die Here wat aan die regverdige 'n onuitroeibare lewenskrag gee. Soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, waarvan die blare nie verdroog wanneer die droogte toeslaan nie, verskrimpel die regverdige nie onder die harde teenslae van die lewe nie en stort hy nie ineen nie. Wat hy aanpak, het die wil van die Here in die oog, en God se wil seëvier onder alle omstandighede. Daarom is die regverdige voorspoedig in alles wat hy aanpak (v. 3).

Hierdie situasie is die teenoorgestelde van dié van die goddeloses. Hulle is skynbaar benydenswaardig (vgl. die bogenoemde probleem waarmee baie psalmdigters worstel), maar hulle is in werklikheid soos kaf wat deur die wind uitmekaar gewaai word (v. 4; vgl. ook Jes. 40:6-8). Miller (1986:83) sê tereg dat daar niks in die dooie kaf is wat iemand sal beny nie. Die goddeloses sal nie kan standhou wanneer hulle deur die Here oor reg en geregtigheid getoets word

nie. Hulle sal nie 'n plek hê in die vergadering van die regverdiges nie (v. 5).

Die toets gaan nie bloot daaroor of iemand geloof het nie, maar of hy 'n regverdige is, dit wil sê of hy 'n praktiese en daadkragtige geloof het en of sy lewenspraktyk die teenoorgestelde is van dié van die goddeloses, sondaars en spotters (v. 1). Regverdige wees is hier 'n samevatting van alles wat teenoor die goddeloses, sondaars en spotters se handelswyse staan.

Die regverdige is geplant op 'n vaste en vrugbare staanplek. Daar is vastigheid in hom bewerk deur die Woord. Die regverdige is nie vasgevang in 'n oombliksituasie, byvoorbeeld die tydsduur van sy lyding nie, maar is op 'n pad. Daar is kontinuïteit, verband en voortgang in sy bestaan, en die Here lei hom op daardie pad. Die pad van die regverdige is dus 'n pad met 'n seker doel en bestemming.

Dit is ook 'n pad met 'n geskiedenis.

4. Die geskiedenis van die verbond word veronderstel

Psalm 1 sien die menslike bestaan nie bloot as 'n bestaan wat in die oomblik vasgevang is nie, maar as 'n bestaan op 'n pad – daar is beweging, 'n mens loop op die pad. Hierdie pad kom iewers vandaan en gaan iewers heen. Die gedagte van 'n pad omraam Psalm 1 (v. 1, 6). Trouens, die gedagte dat God met sy volk op pad is, loop dwarsdeur die Ou Testament. (Vergelyk Koch, 1977:307-309 vir die verbinding van die voorstelling *weg/beweging* met *drk*, ongeveer 600 v.C., veral by die profete Jeremia, Esegïël en Deuterocesaja; en die verbinding met *miswah* in Deuteronomium.) Ook in psalms kom *drk* dikwels voor, naamlik ses-en-sestig keer (Koch, 1977:303). Psalm 1 veronderstel kennis en aanvaarding van die geskiedenis van die openbaringspad wat die Here met sy volk geloop het. Hierin speel die Here se belofte en die vervulling daarvan in die toekoms 'n belangrike rol. Vertroue hou in dat 'n mens voortdurend moet leef uit die belofte dat die pad se doel of bestemming bereik sal word.

So was dit by die groot gebeurtenisse in Israel se geskiedenis: by die roeping van Abraham om na die beloofde land te gaan, by die uittoeg uit Egipte, by die op-padwees deur die woestyn en by die intog in die land. Veral Josua 1:5-9 is in hierdie verband belangrik:

Soos Ek by Moses was, so sal Ek by jou wees. Ek sal jou nie in die steek laat nie, jou nie verlaat nie ... Wees veral baie

vasberade in die uitvoering van die wet wat my dienaar Moses jou beveel het ... Dan sal jy voorspoedig wees, waar jy ook al gaan. Hierdie wetboek moet die rigsnoer wees van alles wat jy sê. Oordink dit dag en nag en sorg dat jy alles uitvoer wat daarin geskryf staan. Dan sal jy slaag in wat jy moet doen, jy sal voorspoedig wees. Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is oral waar jy gaan.

Ook nadat Israel in die beloofde land gevestig is, was Israel steeds nog maar 'n volk op pad na sy eintlike bestemming (Helberg, 1990:44). Westermann (1978:167) merk terreg op dat die begronding van Israel se godsdiens in die tyd van gevestigdheid *nie* geskied het deur 'n openbaring van God by een van die Kanaänitiese heiligdomme nie, maar buite in die woestyn op 'n heilige berg, wat tot die tipe heiligdom van die vroeë tyd behoort en waaraan Jahwe nie gebonde bly nie; ook daarin kom tot uitdrukking dat Jahwe primêr die God van die geskiedenis is.

Ook die terugkeer uit die ballingskap word beskryf as die Here se op-padwees met sy volk: "Maak vir die Here 'n pad in die woestyn ..." (Jes. 40:3; 49:9-11); "Die Here God kom, Hy is die magtige, Hy regeer. Hy bring die volk saam wat Hy syne gemaak het, dié wat aan Hom behoort, is by Hom. Soos 'n herder versorg Hy sy kudde ..." (Jes. 40:10, 11). Ook in hierdie op-padwees, soos in Psalm 1, speel die Woord 'n baie belangrike rol. Die Here ruim al die hindernisse op sy pad met sy volk uit die weg: laagtes, berge, bulte, rante (Jes. 40:4). Dit geld ook die hindernis wat bestaan uit die vervreemding tussen sy Woord en Israel – 'n vervreemding wat vir Israel uitgeloop het op die volksdood in ballingskap. Hierdie vervreemding raak Israel tot in hulle diepste menswees.

Daarom raak die vervreemding ook die hele mensdom:

Iemand sê 'Roep!' En ek vra: 'Wat kan ek roep? Alle mense is soos gras, alles waarop hulle staatmaak, soos 'n veldblom: gras verdor en blomme verwelk as die Here sy wind daaroor laat waai.' Dit is so, die volk is soos gras. Gras verdor en blomme verwelk, maar die Woord van ons God bly vir ewig (Jes. 40:6-8).

Die Here laat die blye boodskap verkondig dat Hy die hindernisse oorkom en reddend en ontfermend by sy volk teenwoordig is (Jes. 40:9-11).

Psalm 2 verseker die gelowige dat hy 'n deelgenoot is in God se oorwinning oor sy vyande deur sy gesalfde koning (Ps. 2:2, 6-9, 12). Hierdie oorwinning vind sy uiteindelijke vervulling in die Messias-koning. (Vergelyk Mitchell, 1997:88, 89: Die Messias sal uiteindelik triomfeer. Die psalms is georden volgens 'n eskatologies georiënteerde redaksionele agenda.)

Psalm 1 veronderstel kennis van die openbaringsgeskiedenis: dat God met sy volk op pad is, dat daardie pad, soos enige pad destyds, vol gevaar en ontbering is, maar dat die veilige bestemming seker is. Die geskiedenis van die openbaring wys dat die Here die magtige is, dat Hy selfs lewe uit die dood bewerk, voortgang uit 'n doodsituasie.

5. God se krag wat lewe uit dood wek, word veronderstel

Dat God voortgang uit 'n doodsituasie bewerk, vind reeds plaas by die sondeval in die Paradys, by die roeping van Abraham, by die uittog en woestynreis en by die ballingskap. So was dit ook in werklikheid by die psalms (vgl. Miller, 1986).

Ná die sondeval in die Paradys sê God aan die vrou en aan die man dat die disintegrasie van die dood in die menslike bestaan ingetree het. Onmiddellik daarop laat die skrywer egter op paradoksale manier hoor dat die mens sy vrou Eva, dit is "lewe", noem (Gen. 3).

Ook die roeping van Abraham is 'n paradoksale, onverwagse gebeurtenis. Dit kom tot iemand in wie se voorafgaande geslagsregister mense ál jonger en jonger sterf. Hierdie geslagsregister loop dan selfs prakties dood, deurdat Abraham en sy vrou kinderloos is. Met die roeping van Abraham bring God 'n *creatio ex nihilo* tot stand (Van Selms, 1967:177).

Die uittog uit Egipte is eweneens 'n lewewekking uit die dood. Die uittog vind plaas met 'n volk wat dodelik bedreig is deurdat sy pasgebore seuntjies planmatig om die lewe gebring is. Maar God red sy volk wonderbaarlik. Hy tref Egipte met plaë en lei Israel uiteindelik deur die Rietsee wanneer hulle tot uitwissing toe deur die Farao en sy leër bedreig word (Eks. 1:8-22; 7:14-15:21; vgl. ook Eseg. 16:1-14). Gedurende die woestynreis volg een wonderbaarlike redding op die ander (Eks. 15:22-17:16 e.v.).

Israel se geskiedenis trek uiteindelik saam in die volksdood deur die ballingskap – maar hulle word weer deur die Here lewendig gemaak

deur sy Woord en Gees (Eseg. 36; 37). Jesaja 40 wys hoe die vervreemding tussen Israel en die Here deur sy Woord, aan die een kant, en Israel se redding uit die dood van ballingskap, aan die ander kant, oorbrug word. Soos die warm woestynwind die gras en die blomme laat verdroog in plaas daarvan om die lewegewende asem daarvoor te wees, so maak die Woord met die mensdom en met Israel (Jes. 40:6-7). Die teks praat letterlik van die “asem van die Here” wat op die gras en blomme blaas. Hierdie handeling dui enersyds op die wind wat soos lewensasem is wat die Here in die natuur gee. Andersyds bestaan daar ook ’n baie noue verband tussen die gees of asem en die woord/Woord. Albei kom uit die mond en het eintlik dieselfde lewewekkende uitwerking.

Hierdie feit kom duidelik uit in Psalm 33:6 en 9 waarin die skeppende werk van die Woord en die Gees van die Here parallel gebruik word: “Deur die woord van die Here is die hemele gemaak, deur sy bevel [letterlik: ‘deur die gees van sy mond’], al die hemelliggame. Want Hy het gepraat en dit was so, Hy het beveel en dit was daar.”

Die mens kom deur die Woord aan sy einde (vgl. ook Ps. 90:3: “U laat die mens sterwe: U sê net: Word weer stof!”). Israel beland deur die Woord in die volksdood van ballingskap. Hulle het immers die Woord wat deur die profete verkondig is en wat beloftes maar ook dreiging bevat, verontagsaam (Eseg. 36:16-37:28). Die verkondiging van die Woord moet volgens die opdraggewer in Jesaja 40 nogtans voortgaan, want die Woord is vas, dit is die ewige Woord van God (Jes. 40:8) en is die draer van ’n vaste belofte (vgl. ook Eseg. 37). Die mens worstel met lyding. Hierdie lyding trek uiteindelik saam in ’n worsteling oor die onhoudbare spanning tussen God se beloftes, soos uitgedruk in sy Woord, en die harde werklikheid, soos beleef en beskryf deur baie psalmdigters. Die oorsaak vir die probleem lê volgens Jesaja 40 nie by die Woord of by die beloftes nie. Inteendeel, die Woord bring op ’n wonderbaarlike manier uit die onmoontlike situasie redding tot stand.

Die Woord is die draer van ’n misterie. Die Here se gedagtes is nie soos Israel s’n nie. Soos die hemel hoër is as die aarde, so is sy optrede verhewe bo hulle optrede en sy gedagtes bo hulle gedagtes. Sy reddende Woord keer nie onverrichter sake na Hom toe terug nie (Jes. 55:8-11). Daar is dus ’n oorwinning moontlik wanneer teosentries na gebeurtenisse gekyk word, wanneer ’n mens besef dat jy te doen het met die lewende en lewendmakende Woord van die lewende en lewendmakende God. Hy skep onverwagte moontlikhede. Wanneer die Woord ’n mens se lewe beheers, word

'n dieper verhouding geskep as wat op die oppervlakte waargeneem kan word.

Koch (1977:309) se stelling dat daar in Jesaja 55:9 nie van afstand en onbegryplikheid sprake is nie, maar van God se gesag waarheen 'n mens vertrouensvol kan opkyk (Jes. 52:13), is daarom té sterk, of té ongenueanseerd. Dit gaan in Jesaja 55 wel nie om afstand in die sin dat God afwesig is nie, maar om onvergelyklike tot selfs onbegryplikheid. God is die skepper en regeerder wie se magsoptrede ons begrip heeltemal te bowe gaan – veral sy optrede tot ons redding (Jes. 45:7; 40:12-31; 41:1-4; 53:1-10).

Wanneer die Woord met sy lewewekkende krag in 'n mens werk, kom die onverbreeklike verhouding na vore waarvan Jesus Christus praat in sy gesprek met die Sadduseërs oor die moontlikheid van 'n opstanding uit die dood. Jesus se teosentriese benadering van God se woorde “Ek is die God van Abraham, Isak en Jakob”, bring Hom tot die stelling dat God nie 'n God van dooies is nie, maar van lewendes! Soos die verbintenis van God met die aartsvaders vir Jesus die diepe betekenis inhou dat God se verhouding met hulle selfs nie deur die dood tot niet gemaak kan word nie (Matt. 22:23-33), so hou God se verbintenis met die regverdige in Psalm 1 in dat God die regverdige selfs in die moeilikste situasies, ja selfs in onmoontlike situasies, sal red en ware lewe sal gee.

In 1 Petrus 1:22-25 word uit Jesaja 40:6, 8 afgelei dat die gelowiges weer gebore is – nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad: die lewende en ewige Woord van God. So 'n lewe word deur liefdesoptrede beheers (v. 22).

Miller (1986:77) sê dat die psalms die radikale transformerende krag van God verkondig: 'n krag wat ten behoeve van die swakke, die onskuldige en die regverdige werk. Teen die magtige, die skuldige en die goddelose, is dit 'n mag wat in staat is om die werklikheid en die menslike situasie om te keer (*reverse*) (Ps. 75:8; 107:33-42; 113:7-9; 146:9; 147:6). Die mens se bestemming is nie onafwendbaar vasgestel nie. As die status quo nie in ooreenstemming met God se regverdige heerskappy is nie, kan dit onderstebo gekeer word (1 Sam. 1:1-10; Luk. 1:46-55).

Brueggemann (2002:12, 46-57; vgl. ook Miller, 1986:78) verbind die lofprysings oor God se transformerende optrede met die verhale oor sy wonders. Niks is vir God onmoontlik nie (Gen. 18:14). Israel se viering van hierdie onmoontlike transformering, hulle “liedere van die onmoontlike” (vergelyk. bv. Eks. 15:11), het 'n konstante deel van

Israel se doksologie geword. Daarin word ook verwys na die onmoontlikhede van die voortyd by die skepping van Israel (Ps. 78:4, 11, 12; 102:2, 5; 106:7, 22; 136:4), of na God se redding van persone in enige soort hopelose situasie (Ps. 107:8, 15, 21, 24, 31), of na God se optrede in die algemeen (Ps. 72:18; 96:3; 98:1; 111:4; 145:5).

Ons het in Psalm 1 en sy verhouding met ander psalms dus nie te doen met dialektiek in die sin dat 'n mens met twee heeltemal verskillende stellings of standpunte (teologieë) te doen het wat saam 'n eenheid vorm nie. Psalm 1 bied 'n dieptedimensie, wat nie by die eerste oogopslag sigbaar is nie, maar wat kennis veronderstel van die geskiedenis van die openbaring as 'n pad – 'n pad wat sy voortgang het deur die lewewekkende optrede van God. God se Woord staan in die middelpunt – nie as 'n onderwerp op homself nie, maar as die Woord wat 'n mens by God self en sy beskermende teenwoordigheid bring en sodoende ware lewe gee. Die Woord se werking in 'n mens en die rykdom aan God se teenwoordigheid wat 'n mens daardeur beleef, laat die negatiewe op die lewenspad as 't ware in die niet verdwyn. Selfs die lang lyding op die pad bly daarom in hierdie psalm buite die gesigsveld.

Die verswyging van lyding adem dieselfde gees as die stelling van Psalm 30 wat 'n oproep is om dié Here te loof wat die digter gered het toe hy al op pad na die dood toe was (v. 4). Hy was in die rou, maar die Here het hom van vreugde laat dans (v. 12). Vers 6 lui: “Die Here se toorn duur net 'n oomblik, maar sy goedheid lewenslank.”

Psalm 1 sê dus dat die lewe 'n pad is wat Israel as volk, of 'n mens as enkeling, met God loop en, omgekeerd, 'n pad wat God met Israel en 'n mens as enkeling loop. Die lewe en die godsdiens het nie bloot met oombliksbelewensse te doen nie, maar met 'n hele gang. Psalm 1 verbind die wysheidsliteratuur se benadering en Israel se historiese benadering. 'n Mens se lewe loop op iets uit. Daarom moet jy 'n besliste keuse maak en afsien van 'n lewenstyl en optrede wat volgens eie sin en wil ingerig is.

'n Mens moet jou in die Woord verlustig, voortdurend daarmee omgaan, dit deel van jou geselskap maak en jou lewe daardeur laat bepaal. Daarmee word vastigheid, varsheid, lewenslustigheid en voorspoed onder alle omstandighede aan 'n mens se lewe verleen. Dit impliseer dat die mens in 'n verbondskring (vergadering van regverdiges, Ps. 1:5) geborge is – anders as die goddeloses wat nie so 'n binding het nie. Die goddelose is soos kaf wat deur die wind

uitemkaar gewaai word en hulle word vernietig soos blomme en gras wanneer die wind daarvoor waai, wanneer die asem van die Here daarvoor blaas (Jes. 40:6). Hulle deel die lot van die mens in sy sondigheid en verganklikheid (Ps. 90:3-12; 103:8-18) en hulle het nie deel aan die genadige, lewewekkende en herskeppende werking van die Woord, soos dit in Jesaja 40:8-11 beskryf en in Psalm 1 geïmpliseer word nie.

Die regverdige daarenteen, is op 'n pad waar hulle deur die Here onder sy sorg geneem word en wat 'n bestemming het, anders as die pad van die goddeloses wat tot ondergang lei. Die regverdige se pad is die pad van gehoorsaamheid aan die Here, volgens sy wil, soos dit in die Woord vervat is. Dit vereis gehoorsaamheid van elkeen persoonlik – van “die regverdige”, soos ook by die gee van die tien geboeie, waarin die opdrag in die enkelvoud oorheers (Eks. 20; Helberg, 1980:82). Die regverdige rus in vertrouwe in die Here se toesegging in sy Woord (vgl. die veelvuldige belofte van lewe deur die Wet in Ps. 119). Die pad van die regverdige bereik sy doel.

Die psalmdigters bly konkreet in hulle godsdiens, selfs teen die (skyn van die) werklikheid in. Hoe kry hulle dit reg? Hulle neem nie hulle toevlug na vergeesteliking nie, maar hulle verdiep en transendeer. Hulle los nie die werklikheid nie, maar gryp ook vooruit op hoe dit sal wees in die nabye of verre toekoms. Hulle gryp daaraan vas asof dit nou reeds werklik is.

Die huidige gebroke werklikheid word gedra deur die lewewekkende God met sy Woord. Hierdie Woord is ondeurgrondelik, soos geïmpliseer deur die stelling dat dit dag en nag oordink word (vgl. ook Ps. 119:96; 92:6). Hierdie Woord is nie bloot 'n voorwerp van 'n mens se belangstelling nie, maar is die onderwerp wat 'n nuwe bestaan in die mens bewerk. Hierdie bestaan is onverganklik, onuitroeibaar en is op 'n pad van voorspoed. Dit is 'n pad van uittog. Hierdie pad bestaan daaruit dat 'n mens afsien van die pad van die goddeloses, sondaars en spotters, dat jy 'n keuse maak vir die Woord van die Here waarmee die “natuurlike” mens in 'n dodelike vyandskap bestaan (Ps. 90:3, 7-11). Hierdie Woord is die Woord van die sprekende God (Ps. 119), wat deur sy Woord 'n mens in die lewe hou (Ps. 119:50, 93, 144, 149, 156) en lewe wek (Ps. 33:6, 9). So vind 'n mens die ware en onverganklike lewe, soos in Jesaja 40 gestel word; en so is jy op die ware pad, die pad wat 'n bestemming het. Die lang lyding van die lewe is dan maar net 'n oomblik onder God se toorn, terwyl sy goedheid lewenslank duur (Ps. 30:6).

Hoewel die psalms die klem daarop lê om te lewe (dikwels in Ps. 119), gaan dit nie net om asem te hê nie, maar om 'n lewe van vastigheid, volheid en voorspoed (Ps. 1). Om waarlik te lewe, impliseer die erkenning van God en sy wil, soos vervat in sy Woord. Dit behels ook om God te loof oor sy hoedanigheid as dié God wat lewe wek, soos in Psalm 150 as 'n klimaks van die psalms: "Laat alles wat asem haal, die Here prys!" (Ps. 150:6; vgl. ook Jes. 40-55 waarin erkenning van die Here as die almagtige skepper en verlosser telkens aan die orde kom).

Daar is altyd 'n beweging na lof toe. Lof en dank is in 'n sekere sin die finale woord, die rigting waarheen 'n mens gaan in die verhouding met God. Die uitdrukking van geloof het beweeg van 'n fokus op die menslike situasie na die punt waarvoor die menslike lewe bedoel is, die verheerliking van en die lofprysing aan God (Miller 1986:66; Brueggemann, 2002:35, 36).

6. Samevatting en gevolgtrekking

Psalm 1 kom nie met 'n nuwe leer oor die stryd teen vyande en die probleem van onreg waarmee so baie psalms worstel nie. Die worsteling in baie psalms handel oor die spanning, paradoks of teenstrydigheid dat dit met die vyande, die goddeloses goed gaan, maar met die regverdige sleg. Psalm 1 verbreed en verdiep dié visie. Dié psalm veronderstel kennis van die geopenbaarde geskiedenis van die Here met sy volk – 'n geskiedenis van stryd en ontbering. Vanuit hierdie veronderstelde geskiedenis doen die psalm 'n oproep tot vertrou in die Woord en 'n belofte oor die ware pad – die pad van die onskeibare en sorgende teenwoordigheid en lewewekkende, herskeppende krag van die Here deur sy Woord. Hierdie bemoeienis van God is ten behoeve van dié wat aan Hom behoort (vgl. Jes. 40 en Eseg. 37). Die koninkryk van die Here seëvier uiteindelik (Ps. 2).

Algehele toewyding en oorgawe aan die Woord en dus aan die wil van die Here, verseker vir die regverdige 'n ware voorspoedige lewe. In so 'n lewe is lyding soos iets wat net 'n oomblik duur. Selfs die dood kan nie die positiewe herskeppende teenwoordigheid van die Here tot niet maak nie. Hierdie positiewe aspek is die beheersende in hierdie inleidende psalm(s) en in die saamgestelde bundel as geheel. Die positiewe vind aan die een kant neerslag in die vreugdevolle uitroep oor die regverdige in hierdie twee inleidende psalms: "Dit gaan goed met ...!" ("Gelukkig is ...!", "Happy is ...!"). Aan die ander kant vind dit ook uiting in die klimaks waarop die vreugdevolle situasie uitloop, naamlik lofprysings aan

God. Hulle kom veral aan die einde van elk van die vyf bundels waaruit die psalmbundel bestaan, voor, selfs wanneer die voorafgaande gedeeltes lyding en nood beskryf. Verder sluit die psalmbundel as 'n geheel af met lofsange aan God.

Psalm 1 (en 2) bevat 'n oproep aan die lesers van die psalmbundel om te vertrou op die *Tora* as die lewewekkende Wet/Woord op die ware lewenspad.

Geraadpleegde bronne

- ALBERTZ, R. 2001. *Die Exilszeit. 6. Jahrhundert vor Christ* Stuttgart: Kohlhammer.
- BRUEGGEMANN, W. 1991. Bounded by obedience and praise: the Psalms as canon. *Journal for the Study of the Old Testament*, 50:63-92.
- BRUEGGEMANN, W. 2002. *Spirituality of the psalms*. Minneapolis: Fortress.
- COETZEE, J.H. 1999. Retoriese strategieë in Psalm 3: interaksie tussen geïmpliseerde outeur, bidder en gehoor. *Old Testament Essays*, 12(3):401-415.
- CRENSHAW, J.L. 2001. *The psalms: an introduction*. Grand Rapids: Eerdmans.
- HELBERG, J.L. 1980. *Die Here regeer: openbaringslyn deur die Ou Testament*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.
- HELBERG, J.L. 1990. Die verbondsvolk se verhouding met sy land (veral rondom die wegvoering in Babiloniese ballingskap: die groot profete en Klaagliedere). Potchefstroom: PU vir CHO.
- HELBERG, J.L. 2005. Geïntegreerdheid van die psalms volgens die verband tussen Psalm 1 (en 2) en die res van die psalms. *In Die Skriflig*, 39(4):673-694.
- HOBBS, T.R. & JACKSON, P.K. 1991. The enemy in the Psalms. *Biblical Theology Bulletin*, 21:22-29, Spring.
- HOLLADAY, W.L. 1993 *The psalms through three thousand years: prayerbook of a cloud of witnesses*. Minneapolis: Fortress.
- KEATING, J.K. 1982. "Enemy" in Israelite wisdom literature. Ann Arbor: The Southern Baptist Theological Seminary. (University Microfilms International.)
- KOCH, K. 1977. *Daeraek*. (In Botterweck, G.J. & Ringgren, H., *Reds. Theologisches Wörterbuch zum Alten Testament. 2*. Stuttgart: Kohlhammer. p. 288-312.)
- KRAUS, H.-J. 1972. *Psalmen. 1*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag. (Biblischer Kommentar Altes Testament, 15/1.)
- LOHFINK, N. 1988. Was wird anders bei kanonischer Schriftauslegung? Beobachtungen am Beispiel von Ps. 6. *Jahrbuch für biblische Theologie*, 3:36.
- LOMBAARD, C.J.S. 1999. By implication: didactical strategy in Psalm 1. *Old Testament Essays*, 12(3):506-514.
- M'CAW, L.S. & MOTYER, J.A. 1970. The psalms. (In Guthrie, D. & Motyer, J.A., *reds. London: InterVarsity. (The New Bible Commentary Revised. p. 446-547.)*
- MILLER, P.D. 1986. *Interpreting the psalms*. Philadelphia: Fortress.

- MITCHELL, D.C. 1997. The message of the Psalter: an eschatological programme in the book of Psalms. (*JSOT Supplement Series, 252.*)
- RIDDERBOS, J. 1955. De Psalmen. 1. Psalmen 1-41. Kampen: Kok. (Commentaar op het Oude Testament.)
- VAN SELMS, A. 1967. Genesis. 1. Nijkerk: Callenbach. (De Prediking van het Oude Testament.)
- WESTERMANN, C. 1978. Theologie des Alten Testaments in Grundzügen. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht. (Grundrisse zum Alten Testament, 6.)

Kernbegrippe:

Psalm 1 (en 2)
psalms
vyande

Key concepts:

enemies
Psalm 1 (and 2)
psalms

